

Sing vooraf staande: Psalm 89:12 (p. 447)

- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugting op sondaarspad hul teë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:3, 11, 12 (p. 696)

- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

- ♦ *Doksologie:*
- ♦ *Aanbidding:*
- ♦ *Skuldbelydenis:*
- ♦ *Vergifnis:*
- ♦ *Dank:*
- ♦ *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- ♦ *Algemene bede:*
- ♦ *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 25:6 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Skriflesing: Jesaja 60:4; Romeine 9; en 1 Johannes 1:7

Teks: Romeine 9:8; Kategismus Sondag 27

Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.
(Romeine 9:8 AFR1953)

Die Here het van die begin af met ons 'n reël gehad.

- ♦ Daardie reël is dat Hy elke belofte aan sy kinders sal nakom, maar ons moet as sy uitverkorenes hierdie instellings van Hom bewaar.
- ♦ Die Here sê dat daar van sy instellings nie een jota of een tittel sal verbygaan nie – Hy sal alles vervul.

Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. (Matteus 5:18 AFR1953)

Dink hier ook aan die uitspraak waarmee die Here sy openbaring aan ons afsluit in Openbaring 22:18,19:

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. (Openbaring 22:18, 19 AFR1953)

Die Here maak ons ewige verlossing vas aan sy wet en beloftes – en aan ons geloof daaraan.

- ♦ Hy sny dus werklik enige vorm van eiewillige godsdiens in die wortel af.
- ♦ Die reël wat hy neerlê, is dus *om te glo aan die dinge wat Hy beloof het en om te doen wat Hy beveel*.

Daar is nogal iets baie opvallends aan die beloftes van die Here – veral as ons kyk hoe Hy dit in die sakramente tot openbaring bring:

- ♦ As ons iets daarvan wegvat – is ons ongelowig.
- ♦ As ons iets byvoeg – is ons bygelowig.

Kom ons kyk in hierdie preek na die doop – en dan baie spesifiek hoe ons die doop volgens die Bybel moet handhaaf:

1. **Wat reinig ons – die water of die Here se bloed?**
2. **Die sakramente beteken die verlossing waaroor dit gaan.**
3. **Wie is die Here se kinders van die belofte?**

1. **Wat reinig ons – die water of die Here se bloed?**

In die jongste jare word daar meteens weer allerhande verskillende leerstellings rondom die doop aan mense voorgehou. Merkwaaardig dat elke nuwe sogenaamde kerk wat tot stand kom, sy eie leer oor die doop het.

- ♦ By sommiges gaan dit feitlik net oor die water – en dan ook die hoeveelheid water.
- ♦ Die doop is vir daardies net geldig as iemand met die onderdompeling gedoop word.

Die probleem hiermee is dat die doop dan die faktor word wat die redding bewerk. Let mooi op wat gebeur dan:

- ♦ Die diep ellendes wat deur so 'n doop geleer word, is dat die vergewing van sondes dan enersyds nie gebeur deur God se genade nie.
- ♦ Andersyds gebeur dit ook hoegenaamd nie deur die geloof nie.
- ♦ En ten slotte glad nie deur die bloed van ons Here Jesus Christus nie.

Die mense wat daardie leer van die doop aanhang, verstaan die sigbare tekens as die sigbare en tasbare genade – daar word dan eintlik aan die water en die handeling van die doop 'n onbegryplike krag toegeskryf.

Dit veroorsaak vir die fyn Bybelleser 'n ernstige probleem: As die handeling daarvan om gedoop te word dan die sondes vergewe, wat is dan die aandeel van die bloed en die Gees van die Here Jesus?

Die Here leer self dat daar 'n baie duidelike band is tussen die doop en die dopeling se geloof. Dink hier maar net aan die woorde van Markus 16:16:

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. (Markus 16:16 AFR1953)

Dit gaan oor **glo** en **doop**.

Watter een is nou die belangrikste?

- ♦ As dit van die doop afhang, is die geloof in die Here Jesus onnodig.
- ♦ As dit van die geloof alleen afhang, dan kan die doop nie die krag van die Here Jesus se genade simboliseer nie.

Wat is dan die waarheid? Die Here gee self die antwoord in 1 Johannes 1:7

Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
(1 Johannes 1:7 AFR1953)

Die Here Jesus het gesterf om ons van al ons sondes te reinig.

- ♦ Sy genoegdoening of voldoening word ons deur God die Vader toegereken en deur God die Heilige Gees in ons geloof toegepas.
- ♦ Dus: deur die bloed van die Here Jesus en die kragtige werking van God die Heilige Gees word die werking van die sonde teen ons vernietig.

God self bewerk dus die volle saligmaking van die mense wat Hy uitverkies het. Geen mens besluit daarvoor of dra daarvoor iets by nie. Daarom doop ons kinders ook – hulle is deur God deel van sy verbond verklaar.

2. Die sakramente beteken die verlossing waarvoor dit gaan.

In die Ou Testament was die saak waarvoor die sakrament gestaan het, aan die teken self vasgemaak.

- ♦ Die besnydenis was die teken van die verbond.
- ♦ Die lam by die pasga was die simbool van die Messias wat sou kom.

In die Nuwe Testament is dit in 'n sekere sin nog meer so as wat dit in die Ou Testament die geval was:

- ♦ Die doop word die **bad van die wedergeboorte** genoem.
- ♦ Dit word ook die **afwassing van die sondes** genoem.

Om die saak van verlossing mooi en goed te verduidelik, noem die Heilige Gees in die Nuwe Testament 'n voorbeeld van hoe die saak werk uit die Ou Testament. Die Here verwys hier na Abraham en sy verlossing:

En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; (Romeine 4:11 AFR1953)

Kom ons sê hierdie sin en die betekenis daarvan oor in maklike Afrikaans:

- ♦ Abraham het 'n Goddelike waarteken ontvang dat hy deur God geregverdig word.
- ♦ Hierdie waarteken /seël het hy ontvang omdat hy in God geglo het – hy het geglo dat God hom regverdig maak.
- ♦ Hierdie waarteken/seël was die besnydenis.

Wat was die inhoud van hierdie teken? Met ander woorde, wat het dit geleer?

- ♦ Die Here het gesê dat Abraham die vader sou wees van almal wat glo.
- ♦ Hulle sou die geregtigheid van die geloof by God ontvang nog voordat hulle besny was.

Nou is die vraag: Wanneer het hy hierdie teken ontvang dat hy deur die Here geregverdig word?

- ♦ Abraham is deur die Here geregverdig nog voordat hy besny was.
- ♦ Met ander woorde, hy is eers besny nadat die Here hom geroep het en vertel het dat Hy hom verlos.

Die teken van die besnydenis was dus bloot 'n bevestiging deur die Here van iets wat Hy toe al lankal (uitverkies voor die grondlegging van die wêreld) gedoen het!

Net so ontvang die gelowige kind nie die doop as teken daarvan dat hy nou tot die geloof gekom het nie.

Meer modern gesê:

- ♦ Hy ontvang nie die Heilige Gees omdat hy gedoop word nie.
- ♦ Hy word gedoop omdat hy die Heilige Gees reeds ontvang het!

'n Baie praktiese voorbeeld hiervan het ons in die gesig wat Petrus gesien het toe Cornelius en sy mense gedoop is:

En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem. En terwyl Petrus by homself daarvoor verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het, staan die manne wat deur Cornelius gestuur was, daar by die poort en verneem na die huis van Simon. En hulle roep en vra of Simon, wat ook Petrus genoem word, daar tuis is.
(Handelinge 10:15-18 AFR1953)

3. Wie is die Here se kinders van die belofte?

As ons oor die doop onderrig word, moet ons ook kyk na die mense wat gedoop word – soos die Here hulle sien.

- ♦ Hy het soms 'n baie spesiale naam vir hierdie mense wat gedoop (moet) word.
- ♦ Hy noem hulle **die kinders van die belofte**. Waarom doen Hy dit en wat bedoel Hy daarmee?

Een so 'n plek waar die Here hierdie benoeming gebruik, is in Romeine 9:8

Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag. (Romeine 9:8 AFR1953)

As ons in die Ou Testament begin en ons kyk wie almal besny is en waarom, dan kan ons onder die verkeerde indruk kom dat jou voorsate net besnydes moet wees.

- ♦ Isak was mos Abraham se kind – en die Here het gesê dat al die seuntjies op die agtste dag na hulle geboorte besny moes word.
- ♦ Maar wat dan van Ismael? Hy was ook Abraham se kind.
- ♦ Hy is saam met Abraham besny (op dieselfde dag) – en ons weet hy is hel toe.

Die inhoud van die verbond is tog baie duidelik dat die besnydenis die teken daarvan is dat God hulle God is en dat hulle erfgename is van die koninkryk van God.

Die Bybel verduidelik wat en wie die kinders van die belofte is:

Abraham het al 'n kind gehad toe Isak gebore is – Ismael.

- ♦ Maar die Here wou nie hê dat Ismael die seën moes verder dra wat die Here in die verbond met Abraham gesluit het nie.
- ♦ Daarom verduidelik die Here dat die seën op die kind van die belofte moes oorgaan.
- ♦ Die Here verduidelik dan dat Isak die kind van die belofte is. Luister hoe die Here dit stel.

Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. (Galasiërs 4:23 AFR1953)

Die Here trek daardie selfde lyn deur na die mense toe wat in die Nuwe-Testamentiese tyd die verlossing in die Here Jesus in die geloof aanvaar:

Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte;
(Galasiërs 4:28 AFR1953)

Ons erf dus deur Abraham die inhoud van die verbond, naamlik dat God vir ons 'n God is en dat ons sy volk (uitverkore kinders) is. Natuurlik geld dit net van mense wat in die Here Jesus glo!

En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename. (Galasiërs 3:29 AFR1953)

Die Here Jesus het die seën van die verbond verruim sodat dit nie net liggaamlike nasate van Abraham is wat gered kan word nie.

- ♦ Hy stuur sy dissipels om die evangelie aan alle volke, nasies en tale te gaan verkondig.
- ♦ Hy gee die opdrag dat daardies wat glo en tot bekering kom, gedoop moet word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
... sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.
(Galasiërs 3:14 AFR1953)

Natuurlik moet ons nie die doop losmaak van die uitverkiesing nie. Die woorde van die Here Jesus se Hoëpriesterlike gebed bly altyd by ons:

Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik. (Johannes 7:6-10 AFR1953)

Kom ons lees wat ons belydenis van al hierdie dinge leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 27:

Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Ef 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam (a) wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word (b).

(a) Op 1:5; 7:14; 1 Kor 6:11. (b) Mark 16:16; Gal 3:27.

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e), in die plek waarvan in die nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47.

(e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:2 (p. 444)

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Augustus 2011
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 9 September 2012